COMMUNITY NEWSPAPER
PRICE R15.00
GansBerg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
25 July 2025
261th Edition




# New Life to a Safe House in Caledon

*The Western Cape's Premier, Alan Winde and Theewaterskloof Municipality joined forces with SAB to support Women and Families.* On 18 July 2025 in Caledon, the Theewaterskloof Municipality, in partnership with the South African Breweries (SAB), hosted a Mandela Day activation at the newly upgraded Safe House. The safe house upgrades were made possible through financial support from SAB. The refurbished facility now includes a dedicated educational and workshop space focused on gender-based violence (GBV) awareness, skills development, and community healing. This transformation has strengthened it to continue to serve as a vital support hub for at risk women and families in the region.


***Group picture, with Premier Allan Winde in the middle.***

The Mandela Day event brought together Western Cape Premier Alan Winde, Executive Mayor Alderman Lincoln De Bruyn, the SAB Corporate Affairs Representatives and municipal officials. Alongside local volunteers and residents, they packed and prepared care parcels containing essential items for women and families affected by GBV throughout the municipality.

"Gender-based violence and femicide are among the most critical social challenges we face. Tackling them requires more than symbolic action; it demands sustained, collective commitment," said Premier Alan Winde. "The government, civil society, the private sector, and communities must work hand-in-hand to create safe and supportive environments. Partnerships like this one between Theewaterskloof Municipality and SAB are powerful examples of how we can unite for real, lasting change."

***Continue on Page 2***

3 Courier Guy

4 Mandela Dag

8 Eet jouself gesond

12 Kushengelklub









“This Safe House and the outpouring of support we witnessed today reflect what Mandela Day is all about, compassion, service, and solidarity,” added Executive Mayor Alderman Lincoln De Bruyn. “We are grateful to SAB for being a purpose-driven partner. Together, we are building not only a safer municipality, but a more hopeful one.”

The initiative aligns with broader efforts to build resilient communities and foster safer environments, goals supported by both public and private sectors. SAB's commitment is through its flagship platform, SAB Sharp, which is focused on advancing safer and responsible communities. The strategy includes two key interventions:
***Positive masculinity*: through the NoExcuse program, it has trained over 56 000 men to promote gender equity, address toxic norms, and become allies in reducing the prevalence of GBV.
***GBV support systems*: it provides direct assistance to women at risk, intending to reach 2,000 vulnerable women by 2025. This Safe House forms part of this intervention, as do several other shelters supported across South Africa.

“Mandela Day is a powerful reminder that change begins with each one of us, but real impact takes more than 67 minutes, it takes 365 days of courage,” said Zoleka Lisa, Vice President of Corporate Affairs. “As a business rooted in local communities, we are committed to supporting survivors of gender-based violence by playing a constructive role in strengthening support systems and uplifting safe spaces. Our partnership with Theewaterskloof Municipality is one example of how we show up meaningfully to help restore dignity, safety, and hope for women and families. Through SAB Sharp, we've supported 20 non-profit organisations since 2021, revitalising shelters, providing essential services and strengthening lifelines that too often go underfunded”.






***Premier of the Western Cape Alan Winde and Tinumzi Lubelwana, Regional Corporate Affairs Manager - Cape at The South African Breweries.***

The event also reaffirmed the Western Cape Government's ongoing commitment to addressing GBV at the grassroots level, with Premier Winde joining the initiative at the invitation of the Executive Mayor. As it marks 130 years of being committed community presence, SAB remains focused on being a responsible and responsive partner, supporting initiatives that build resilience, promote dignity, and deliver shared value across South Africa.

**Lungile Manganyi (Senior Account Manager: Media Relations)**

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Regstelling: Poegie-avonturiers

Soms, gelukkig net soms, kan groot 'glipse' in koerantuitgawes voorkom, selfs by 'groot' koerante. So was dit die geval in die Gans-Berg Nuus van 18 Julie 2025 op bl 2: In die berig, "*Poegie-helde oorhandig R740 000 aan Ikamva*". Die bedrag was verre verkeerd aangedui - die korrekte bedrag wat Manny du Bruyn namens die Poegie-avonturiers aan Jolande Sauls van Ikamva oorhandig het, *is* **R70 400**. Verskoning word hiermee aangebied aan almal wat betrokke was by hierdie projek. "Sjoe, as dit wel R740 000 was, kon ons 'n nuwe gebou gekoop het," was Jolande se tong-in-die-kies antwoord!



**Manny du Bruyn met sy aankoms in Gansbaai vanaf Hentiesbaai.**

Die 5 Poegie-avonturiers, Manny de Bruyn, Japie Geldenhuys, Marius Alberts, Gerrie Schutte en Kobus Geyser het hierdie groot uitdaging van sowat 4,000km in die sale van Poegies (*Scooters*) oor 8 dae ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling aangepak - en die pragtige bedrag van R70 400 is ingesamel en reeds oorhandig, plus nog sowat R2 000 wat binnekort vanaf Namibië oorgeplaas gaan word.

**Hardus Botha**

# Courier Guy Locker vir Franskraal

Goeie nuus vir Franskralers, asook omliggende gebiede - 'n '*Courier Guy Locker*' is by Franskraal Minimark aan die buitekant geïnstalleer, met al die nodige instruksies wat volledig daarop aangebring is. Dit was Franskraal Minimark se eienaar, Natasha, se inisiatief om die '*locker*' daar te kry. "Ek het die firma sowat 'n jaar gelede al met al die inligting gekontak, maar nooit weer iets van hulle gehoor nie," vertel Natasha. "Sowat 6 maande gelede het hulle my toe gekontak en ek het weer al die nodige inligting aan hulle gestuur."




**Gerhard Pietersen van Franskraal Minimark by die Courier Guy Locker.**

Nou is die '*The Courier Guy Locker*' deur die firma, '*The Courier Guy*' tot voordeel van die gemeenskap geinstalleer. Natasha sê die publiek het nou nie nodig om in die winkel oor pakkies te kom navraag doen nie. Vir navrae is daar 'n WhatsApp nommer, 064 848 1531, op die '*locker*' saam met die instruksies aangebring. "Ek glo daar sal groot belangstelling in die benutting van hierdie diens aan inwoners wat van koerierdienste gebruik wil maak, wees." het Natasha gesê.

**Hardus Botha**












# Mandela-dag in Gansbaai


*Oud-president Nelson Mandela.*

"*Education is the most powerful weapon which you can use to change the world*!" en "*It always seems impossible until it's done*!", is maar twee van oud-president Nelson Mandela (18 Julie 1918 tot 5 Desember 2013) se wyse aanhalings. Nelson Mandela-dag is 'n jaarlikse internasionale feesdag ter ere van oud-president Nelson Mandela en word op sy verjaarsdagdatum, 18 Julie gevier.

Jaarliks pak skole, instansies en organisasies in Gansbaai, asook elders, vrywillige gemeenskapsprojekte aan - met die boodskap: "Nelson Mandela het 67 jaar vir sosiale geregtigheid geveg (1942-2009) - ons vra dat elkeen dié dag met 67 minute se gemeenskapsdiens sal begin."

In Gansbaai is daar jaarliks 'n verskeidenheid van projekte wat aangepak word. Die Gans-Berg Nuus het by 3 van hierdie projekte gaan inloer, wat elders in hierdie uitgawe geplaas is: **die *Firstrand Vollunteers* wat betrokke was by die bou van 'n broodnodige stoorkamer vir BARC; **voormalige Overstrandse Uitvoerende Burgemeester, dr Annalie Rabe, wat hondekos en komberse by BARC afgelaai het; **Dyer Island Conservation Trust en meedoeners wat hande gevat het vir 'n skoonmaakprojek in Masakhane. **Dan is daar ook 'n bydrae deur Grootbos oor die Red Driver Ant en Nelson Mandela: "The Red Driver Ant embody teamwork and discipline as in the values of Mandela's vision for community upliftment".

**Hardus Botha**

# Hands joined for Masakhane clean-up



The Dyer Island Conservation Trust, Marine Dynamics Shark and Whale Tours, Kleinbaai Superette and the Great White House joined hands with Gansbaai Tourism, Cape Nature, Overstrand Municipality, Cape Shark Adventures, Grootbos, and passionate volunteers for a much-needed community clean-up in Masakhane. Together, with many small hands and big hearts, they collected 1,900kg of rubbish in under an hour. That's 1,900kg less pollution threatening our environment and health.

After the clean-up, they shared nearly 1,000 sandwiches made with love, providing warmth and nourishment on this special winter's day. As Wilfred Chivell, CEO of Marine Dynamics and Founder of Dyer Island Conservation Trust, says: "You have to care. Do good. Be kind. Help each other, animals, nature and not just for 67 minutes, but 365 days a year. That's the legacy Madiba left us."



**Hardus Botha**

## NOTICE

Section 29 Administration of Estates Act 66 of 1965

### Executor's Notice

In the estate of the late ELMA GEARD HUNTER No.005699/2025, Identity Number 3901110034085 who was ordinarily resident at 6 Quick Street, Stanford, and who died at Belvidere, Knysna on 13 December 2024.
All persons having claims against the above estate are hereby called upon to file their claims via email or delivery, with the undersigned within the next 30 days from the date of publication hereof.

**DATED AT STANFORD ON THIS $15^{TH}$ DAY OF APRIL 2025**
**BEVERLEY GAIL HAYWOOD**
**EXECUTOR**
**42 LONGMARKET STREET**
**STANFORD, 7210**
Email: beverley@haywoodattorneys.co.za

## ADVERT OF THE WEEK











Meet the Red Driver Ant (*Dorylus helvolus*) - they embody teamwork and discipline as in the values of Mandela's vision for community upliftment. Phillipa Murray from Grootbos Foundation said these ants are a symbol of unity and collective action. “Ants embody teamwork, discipline, and strength in numbers-core values of Mandela's vision for collective action and community upliftment,” she said. “They often carry loads many times their own weight, symbolizing strength and resilience - just as Mandela carried the hopes of a nation with unwavering determination.” Like ants building a colony grain by grain we build a better world through small, steady acts of kindness.
Hardus Botha



Die *Firstrand Vollunteers*, wat gereeld Saterdae met BARC se honde gaan stap, het 'n broodnodige stoorkamer vir BARC vir hulle Mandeladag-projek gebou - dit is in vennootskap met BARC se personeel gedoen en met dank en waardering teenoor Salmon Herselman van The Colour Box vir verf en Marna Beets vir haar verfreëlings. “Hierdie netjiese 3m x 6m stoorkamer is iets waarvoor ek al baie lankal pleit, aangesien ons dit werklik nodig het,” het Nols Jonas van BARC gesê.
Hardus Botha





“Ek en Raadslid Nomatiti van die DA het saam met my eggenoot, Johan, vir ons Mandeladag-projek honde- en kattekos, asook komberse vir die honde aan BARC geskenk,” vertel dr Annalie Rabe, voormalige Overstrandse Uitvoerende Burgemeester. Hulle het 32kg hondekos, 8kg katkos en 10 hondekomberse by BARC afgegee. In Masakhane het hulle ook 20 komberse vir die winterkoue uitgedeel.
Hardus Botha






**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:078 010 8286 Saskia:068 697 9945
michelle@gansberg.co.za saskia@gansberg.co.za

# Gans-Berg Nuus toer saam



Foto-album-voorblad.

Verskeie lesers van die Gans-Berg Nuus het al laat weet van hulle foto-albums oor spesifieke berigte wat hulle, vir bewaring in foto-albums, uitgeknip het - dit beklemtoon lesers se behoefte aan gedrukte uitgawes en die redaksiespan voel baie trots daarop.

Ons het by een egpaar, wat al male sonder tal getoer het, Fanie en Judy Bothma van Franskraal, gaan inloer en deur hulle pragtige, eintlik historiese, foto-album (en hulle het nog ander albums ook!) geblaai wat op 'n kunstige wyse deur Judy saamgestel is - 36 groot album-blaaie, dus 72 bladsye. Daarin is hulle toer saam met Johan en Thenesia Ackermann van Clanwilliam na 12 Afrika-lande oor 'n tydperk van 4 maande, met 24 500km agter die rug, vanaf 7 Junie 2029 tot 25 September 2019 (tot kort voor die covid-tydperk) vasgevang. Die toer is in 16 dele vanaf 22 Januarie 2021 deur die Gans-Berg Nuus geplaas, wat groot byval onder ons lesers gevind het - nou is Gans-Berg Nuus se 16 berigte, met Fanie en Judy se foto's, in 'n prag-foto-album vasgevang.

Ons lesers kan nou weer uitsien na 'n nuwe reeks oor Fanie en Judy se toer gedurende Mei en Junie 2025. Die toer was vanaf Suid-Afrika na



Die toer begin (Deel 1).

Kgalagadi, Botswana en Namibië uitsien. Hierdie toer het Fanie en Judy saam met hulle ander geliefde toer-egpaar, Dolf en Elna Nel van Saldanha, aangepak. Hulle wedervaringe en foto's sal weer in



Die toer eindig (Deel 16).

verskillende dele oor 'n tydperk in die Gans-Berg Nuus geplaas word.

Elna is, net soos Judy, baie kunstig en lesers sal onthou van haar persoonlike en uitsonderlike 'dagboek' waarin sy 'n vorige toer met dag-vir-dag nota's van hulle wedervaringe beskryf het, soos net sy dit kan doen. Saam met haar nota's in die dagboek, is kunstige tekeninge en sketse ingebring, wat eweneens as 'n kosbare album beskou kan word. In een van hulle vorige toere het sy haar dagboek aan die Gans-Berg Nuus beskikbaar gestel, soos wat sy ook nou vir die volgende reeks gedoen het. Daar kan beslis na die volgende toer-reeks in die Gans-Berg Nuus uitgesien word.


**Hardus Botha**

The Beach House Hub
Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com

Wide range of options available:
Clearview & Betafence
Palisade & Ornamental Fence
Vibracrete & PVC Fence
Weldemesh & Diamondmesh
Field Fence & Farm Fence
Gates & Gate Automation
Fire Boma's & Braai's out/indoors
Patio's & Pargola's
Catio's & Modern Pet Cages

Because good fences make great neighbours!!

Kamba Fences
Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com



# LET'S START RENOVATING






**WIPDEUR**
Installering van outomatiese motorhuisdeure
Yolanda Liebenberg
(EIENAAR)
072 370 5132
yolanda.liebenberg@gmail.com
Hoopstraat 8, Gansbaai, 7200

**EPIC TANKS**
071 364 6767
1 Valey St, Stanford
www.epictanks.co.za



BULK DISCOUNTS
WATER CONSERVANCY
SEPTIC TRANSPORT CHEMICAL

**Coastal Aluglass**
*Products direct from factory to public!*
**We specialise in:**
* Windows * Frameless showers
* ALU Showers * Burglar Bars
* Clear Bars * Balustrades * Stackdoors
**Special offer on windows for winter**
Many years experience. It will pay you to contact us!
Office: 028 384 2236 / 072 855 8588
E-mail: coastalgansbaai@gmail.com

**J&A Sementwerke**
*Gansbaai*



Blokke en stene
Retaining Blokke
Plaveiselblokke en Gas
Goeie gehalte, hoë MPA (sertifikaat beskikbaar)
Eldo Marais: 082 651 9373
Kantoor: 028 384 0494

**DEFENDoor®**
*Protecting what you love*



Retractable Security Doors - Clear View Bars
Fencing - Aluminium & Steel - Roller Shutter Doors
Burglar Bars - Aluminium Louvre Shutters
**We service the entire Overberg region**
Contact Henry: 084 551 3695
klopperhenry@gmail.com - www.defendoor.co.za

**ALL ABOUT**



**Metal & Wood**
RASSIE • (084)-860 7718
ADRIAAN • (062)-660 7226



Before



After

Before and after installation. Double swing security gate

# 'Bejaardes maak saak'

'*Bejaardes maak saak*', is Gansbaai VLV se kosbare 2025-projek. Die daad is by die woord gevoeg en Senerita van der Walt en Annamarie Conradie het namens Gansbaai VLV vir past Alet in Buffeljachtsbaai gaan kuier. Hulle het aan drie van die oudste vrouens elk 'n geskenksak en 'n kombersie vir die koue oorhandig. “Die een bejaarde vrou se oë het gerek toe sy die lekkers sien, maar sy is 'n diabeet,” vertel Senerita. “Sy sê toe so ewe, al is sy 'n diabeet, sy kry ook lus vir lekkers!”

“Toe kry ons 'n man op sy 90ste verjaarsdag,” vertel Senerita. “Gelukkig het ons 'n ekstra geskenkpakkie en kombers, wat ons toe aan hom kon gee. Senerita en Annamarie het ook kos gemaak en dit, saam met klerasie en lekkers aan die kinders uitgedeel - 'n welkome gebaar deur Gansbaai VLV.

**Hardus Botha**



***Past Alet en Annamarie Conradie by die 90-jarige man op sy verjaarsdag.***



***Senerita van der Walt, past Alet en Annamarie Conradie by een van die bejaarde vrouens.***



***Kinders ontvang kos, klere en lekkers.***

# Eet jouself gesond

Sowat 25 mense het tydens Elmarie van Aswegen se boekbekendstelling vasgevang na haar geluister, met Ali Gordon as gespreksleier. Die bekendstelling van Elmarie se boeke, '*Meester van jou Lewe*' en '*Eet Plant-asties*', het onlangs in Die Hangkas by Groeneweide plaasgevind - '*Jou gesondheid is in jou hande*', was die kern-tema van die gesprekvoeringe.

Ali vertel dat Elmarie 'n sesde generasie skaapboer was en 'n integrale bron in die vervaardiging van kaas met skaapmelk. “Nodeloos om te sê, vleis was 'n integrale deel van haar daaglikse eetgewoontes,” het Ali gesê. “Daar het egter iets ontbreek - iets wat Elmarie vanaf 5-jarige ouderdom bevraagteken het: wie is ek, waarom is ek gebore en wat is my doel in die lewe?” Ali het gesê dit is vrae wat baie mense vra, maar dit is eers toe Elmarie se wêreld heeltemal ineengestort het, dat haar ontdekkingsreise regtig begin het - en nou het sy dié twee manjifieke boeke geskryf wat pas bekendgestel is.



***Elmarie van Aswegen (middel), met Ronén Duvenhage (regs) en Raynette Collen (links).***

'*Meester van jou Lewe*' is 'n pragtige, geskrewe verhaal oor haar evolusie tot die mens wat sy nou is. Elke bladsy vloei na die volgende terwyl sy die belangrikheid van 'n mens se verbintenis met die natuur, voedselkeuses en ingesteldheid beklemtoon - elke aksie beïnvloed ons gesondheid, sowel as die wêreld rondom ons. Die boek vertel ook van haar verandering na 'n plantgebaseerde dieet en die wyse waarop dit haar fisiese gesondheid verbeter het.

'*Eet Plant-asties!*' bevat 'n oorvloed van heerlike plantgebaseerde resepte en is 'n natuurlike begeleiding na gesonde eetgewoontes. “Dit is egter nie net onsself oor wie ons bekommerd moet wees nie, was een van Elmarie se hoofboodskappe,” vertel Ali. “Om meer te sê, sal die inspirasie van haar woorde wegneem.”

Indien mense 'n byeenkoms van vriende en familie wil reël, sal Elmarie meer as bereid wees om met hulle te gaan gesels en vrae te beantwoord. Elmarie kan op WhatsApp by 076 508 8003 gekontak word.

**Hardus Botha**



**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus: 082 786 0494
info2@gansberg.co.za

# CLASSIFIEDS

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

**Anglo Windows**
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

PLACE YOUR ADVERT HERE

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**




**Technokil**
State Registered Pest Control Services
- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak
Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580



**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

**Put your advert here**
**Contact us at 078 010 8286**

UNITY SERVICE RECOVERY AA
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

## CONTACT US TO ADVERTISE:

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | 1 | 4 | | | 6 | 8 | |
| | | | | | 5 | 4 | 7 | |
| | | 5 | | 7 | | 9 | 2 | 1 |
| 8 | | | 3 | 2 | | | | |
| | 9 | | | | | | | 6 |
| | | 3 | 8 | 9 | | | | |
| | | 9 | | 6 | | | | |
| 4 | 6 | | | | | 5 | | |
| 5 | 1 | | | 4 | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| J | Y | V | J | B | R | E | B | Y | A | R | G | N | I | T | S | B |
| T | U | N | A | E | R | E | N | B | S | N | B | X | X | S | Y | V |
| O | M | R | I | Q | L | C | P | S | W | A | Z | E | G | C | F | L |
| F | L | E | A | H | A | L | A | U | R | J | S | I | G | A | K | G |
| P | W | X | Y | V | C | B | Y | R | O | R | K | O | L | L | I | U |
| S | B | A | I | V | A | R | A | F | O | R | L | E | E | L | P | L |
| H | A | A | L | E | O | C | U | H | I | D | G | B | R | O | P | X |
| S | R | L | S | L | U | H | A | A | F | S | E | S | E | P | E | Z |
| I | N | B | M | D | E | E | C | I | E | A | H | R | K | S | R | M |
| F | A | X | A | O | S | Y | S | N | G | S | F | M | C | A | K | U |
| N | C | D | M | Z | N | H | E | L | A | N | T | I | A | G | Y | A |
| U | L | R | E | D | S | N | A | P | P | E | R | W | M | Z | L | F |
| S | E | F | P | L | E | K | S | L | E | S | S | U | M | R | O | T |
| N | C | D | S | J | F | L | O | U | N | D | E | R | B | K | M | M |

ALGAE
ANCHOVY
BARNACLE
BARRACUDA
CAVIAR
FLOUNDER
GOLDFISH
GROUPER
KELP
KIPPER
MACKEREL
MUSSELS
RED SNAPPER
SALMON
SCALLOPS
SEA BASS
SEAHORSE
STINGRAY
SUNFISH
TUNA
WALLEYE

# ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | D | P | Q | W | P | D | J | I | V | W | B | U | R | P | L | J |
| Q | R | I | R | S | Y | I | L | S | U | B | K | L | E | O | M | K |
| B | J | R | A | A | T | A | K | E | P | C | Z | U | T | D | J | I |
| K | R | A | H | S | C | U | R | E | R | L | O | B | S | T | E | R |
| Q | I | N | G | N | I | R | R | E | H | E | V | G | Y | R | K | H |
| M | K | H | R | H | I | C | W | G | A | P | K | H | O | O | Y | S |
| Z | H | A | W | I | H | P | X | N | E | H | J | C | P | U | P | I |
| H | H | S | I | F | D | R | O | W | S | O | A | D | I | T | P | F |
| G | S | F | W | I | K | T | K | E | N | S | N | L | E | P | U | R |
| P | Q | I | L | P | K | I | A | I | H | W | K | W | I | K | G | A |
| T | U | G | F | N | Y | W | L | R | B | V | Z | C | E | B | W | T |
| S | I | Z | A | T | E | R | I | A | K | J | I | D | P | N | U | S |
| S | D | L | X | E | A | M | R | V | I | S | Z | F | A | Z | E | T |
| F | P | H | D | M | P | C | F | O | C | T | O | P | U | S | B | J |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 1 | 8 | 6 | 5 | 9 | 7 | 2 |
| 7 | 5 | 6 | 1 | 9 | 2 | 3 | 4 | 8 |
| 8 | 2 | 9 | 3 | 7 | 4 | 1 | 5 | 6 |
| 4 | 8 | 5 | 9 | 1 | 6 | 7 | 2 | 3 |
| 6 | 9 | 3 | 4 | 2 | 7 | 5 | 8 | 1 |
| 1 | 7 | 2 | 5 | 3 | 8 | 4 | 6 | 9 |
| 9 | 6 | 8 | 7 | 4 | 3 | 2 | 1 | 5 |
| 5 | 1 | 4 | 2 | 8 | 9 | 6 | 3 | 7 |
| 2 | 3 | 7 | 6 | 5 | 1 | 8 | 9 | 4 |

# Gansbaai Gholfklub
# Johan Coetzee palm Enkel Stableford in


Johan Coetzee.


Aileen Laubscher.


Pieter Uys.

Johan Coetzee het die Enkel Stableford kompetisie van Saterdag, 19 Julie 2025 met 39 punte gewen. (Johan is die Gans-Berg Nuus se Gholf-rubriekskrywer - Red.)

**Woensdag, 16 Julie:**
Aileen Laubscher wen die Enkel Stableford kompetisie met 38 punte, gevolg deur Solly Wessels 36, Rene Myburgh 36, Jacques Louw 36, Leon Lombaard 33, Marietjie de Villiers 33, JP Laubscher 32, Dries Coetzee 31, Dawie Viljoen 30 en Clive Bailey 29.

**Vrydag, 18 Julie:**
Pieter Uys wen die 9-putjie Enkel Stableford met 20 punte, gevolg deur Pero Heyns 19, Callie Lourens 18, Owen Huxham 18, Koos Myburgh 17, JP Laubscher 17, Sakkie van der Merwe 17, George Hunt 16, John Smith 15 en Johan du Preez 15.

**Saterdag, 19 Julie:**
Johan Coetzee wen die Enkel Stableford kompetisie met 39 punte, gevolg deur Berty Sassman 38, Rene Myburgh 35, Pieter Loubser 34, Stephen Brown 34, Solly Wessels 32, Peet Pretorius 30, Pieter Kruger 30, Simon Wiese 30 en Willem Germishuys 29.

**Saterdag, 26 Julie:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:**
Frans Berg 28ste en Francois Visagie 29ste.

Gansbaai Gholfklub se Algemene Jaarvergadering vind op Donderdag, 28 Augustus 2025 om 17:30 plaas.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**











# Overberg Kushengelklub: Die Knorhane Juig!



*Knorhane-span as wenners: Riana de Wet, Johnny Hanekom, Jossie de Jager, Janco Coetzee, Eddie de Jager, Phillip Kriel en Hendri Badenhorst (voorsitter).*

"Die Wedstrydsekretaris van die Overberg Kushengelklub kan 'n geheim hou soos min," vertel Elba Tredoux van die klub. "Reeds sedert Meimaand was dit naels kou tussen die twee voorste spanne, asook tussen die individuele hengelaars."

Elba sê Junie 2025 was die laaste wedstryd vir die boekjaar en die gelykopstryd het sake verder bemoeilik. "Die afwagting was dus groot met die jaarlikse prysuitdelingsfunksie op Saterdag, 12 Julie 2025, toe die finale stand van sake bekendgemaak is," het sy gesê. Die span van die Knorhane was uitbundig van opgewondenheid toe hulle as die wenspan aangewys word - met 'n skrale 1.5 punt voorsprong bo die Leervisse, wat verlede jaar die wenspan was. Elba sê die komende jaar, wat ook Saterdag afgeskop het, beloof sterk mededinging te wees, aangesien die onderste 3 spanne as een span saamgevoeg is. Hulle staan nou as die Koningsvisse bekend - "Pasop Knorhane en Leervisse, moenie té gerus raak nie," het Elba gewaarsku.

Die Kampioenhengelaar van verlede jaar, Thys Kemp (De Kelders) het dit toe weer reggekry om vanjaar met 'n skrale 8 punte te kon wen - welgedaan Thys! Hy kon



*Jaar se pryswenners: voor - Duif Pienaar, Janco Coetzee, Eddie de Jager en Sonja van der Merwe; agter - Mias Albrecht, Phillip Kriel, Gustav Carstensen, Johnny Hanekom en Arno van der Merwe. (Afwesig Thys Kemp en Melchi Botha).*



*Die Kampioen Hengelaar Thys Kemp (regs) en Reserwe Kampioen Johnny Hanekom (links) by 'n vorige geleentheid.*

ongelukkig nie die geleentheid bywoon nie. Die Dames kampioenhengelaar is Sonja van der Merwe - knapgedaan, Sonja.

**Volledige uitslae:**
Grootste Mosselkraker - Mias Albrecht; Grootste Galjoen - Gustav Carstensen; Grootste Steenbras - Thys Kemp (De Kelders); Grootste Kabeljou - Sonja van der Merwe; Klubrekord Elf - Arno van der Merwe; Klubrekord Geelbek - Janco Coetzee; Dames Kampioen - Sonja van der Merwe; Voorsitterstrofee - Johnny Hanekom; Longdrop trofee - Eddie de Jager.

**Individuele hengelaarsposisies:**
Kampioenhengelaar - Thys Kemp (De Kelders); Reserwe Kampioen - Johnny Hanekom; 3de - Mias Albrecht; 4de - Melchi Botha; 5de - Gustav Carstensen; 6de - Duif Pienaar.

Elba vertel dat die gesellige funksieaand met 'n heerlike spitbraai, voorberei deur Piet Groenewald en Seuns, gepaard gegaan het. "Die Bokke se oorwinning het natuurlik tot die vrolike onderlinge gees bygedra!" het Elba afgesluit.

**Hardus Botha**



*Dames Kampioen Sonja van der Merwe en klubvoorsitter, Hendri Badenhorst.*

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

Office National

Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service



028 313 0003

22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

# Gansbaai Posduifklub: Goeie nuus vir Posduifboere

Na 'n lang afwesigheid van berigte oor posduif-wedvlugte, is met Willie Marais ooreengekom om weer op 'n weeklikse basis die nodige inligting aan die Gans-Berg Nuus te verskaf. Willie is tans voorsitter van Gansbaaai Posduifklub, asook Unie Voorsitter en 'n lid van die Nasionale Posduif Vereniging (SANPO)

Gans-Berg Nuus se voormalige Posduif-skrywer, die 'legendariese' wyle André Vorster, het tot kort voor sy afsterwe weeklikse berigte oor die wedvlugte ingestuur - 'n taak wat hy met liefde en toewyding oor baie jare heen verrig het. Willie is ook 'n ou bekende Posduifman in ons omgewing en die Gans-Berg Nuus is dankbaar dat inligting vir beriggewing weer beskikbaar sal wees.

**Uitslae - Britstown**
C&R Kruger wen die wedvlug in die kategorie van Jong Duiwe. “Charl het 'n uitstekende wedvlug gevlieg en lê tans 2de in die Overberg Posduif Unie,” het Willie laat weet. Die Ou Duiwe se wenner was Louis Groenewald, wat tans 6de in die OPU lê. Baie geluk aan Charl en Louis.

**Detail uitslae:**
*Britstown Ope*: 1ste Louis Groenewald; 2de C&R Kruger; 3de N@N Stevens.
*Britstown JO* 1: 1ste C&R Kruger; 2de en 3de Fourie Lofts.
*Algeheel*: 1ste Senior Germishuys Hokke; 2de C&R Kruger; 3de Louis Groenewald.

Vir enige navrae kan Willie Marais by 071 183 2147 gekontak word.

**Hardus Botha**



**Die 91-jarige Oom Stoney (Rodney) Steenkamp staan by sy boormasjien, besig om kershouers van 'gebuigde' hout te maak, met 'n houtsleepwaentjie langs hom wat hy kort tevore gemaak het - nimmereindigende Oom Stoney! Hy vier sy 91ste verjaarsdag vandag (18 Julie 2025) so op Nelson Mandela se verjaarsdag. Stoney was 'n stigterslid (tans 'n Erelid) en onder-voorsitter van Gansbaai Skietklub wat op 10 Februarie 1994 gestig is en hy skiet nog 'gevaarlik' sekuur op 91. Sowat 6 maande gelede het hy, 'n gesoute meubelmaker, 'n gedeelte van sy vingers met die saagmasjien verloor, maar kort daarna het hy weer agter sy houtwerk-masjiene gestaan! Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens Oom Stoney baie geluk met sy 91ste verjaarsdag en wens hom 'n mooi en gesonde nuwe lewensjaar toe.**

**Hardus Botha**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 25/07/2025 | Saturday 26/07/2025 | Sunday 27/07/2025 | Monday 28/07/2025 | Tuesday 29/07/2025 | Wednesday 30/07/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 13° | 12° | 14° | 14° | 17° | 16° |
| Moderate Breeze 7 m/s from south-west 0.1 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south 0.2 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from east 0 mm precipitation. | Light Breeze 2 m/s from west 0 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 0.1 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 25 July | 0331 | 1557 | 0943 | 2209 |
| 26 July | 0410 | 1635 | 1019 | 2246 |
| 27 July | 0447 | 1710 | 1052 | 2322 |
| 28 July | 0523 | 1745 | 1124 | 2356 |
| 29 July | 0557 | 1819 | 1156 | 0032 |
| 30 July | 0632 | 1855 | 1229 | 0109 |
| 31 July | 0710 | 1933 | 1305 | 0155 |
| 1 August | 0756 | 2021 | 1349 | 0200 |
| 2 August | 0902 | 2129 | 0256 | 1455 |
| 3 August | 1042 | 2300 | 0421 | 1633 |
| 4 August | 1216 | 0018 | 0546 | 1805 |
| 5 August | 1313 | 0113 | 0648 | 1907 |
| 6 August | 1354 | 0156 | 0733 | 1952 |
| 7 August | 1429 | 0200 | 0811 | 2031 |

2301 7238
6 001224 624601
Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




066 515 5139
38 Industry Circle (old Pet Express)
Industrial Area
Gansbaai
TAPS TILES
SANITARYWARE
BATHS
GANSBAAI TAP & TILE

# Galjoenkompetisie skuif nader

Die jaarlikse en gewilde Galjoenkompetisie skuif vinnig nader - ***Saterdag, 23 Augustus 2025***. Riaan Booysen, organiseerder, het alles reeds in plek vir die kompetisie wat deur die NG-gemeente Gansbaai aangebied word - alles ten bate van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes, asook vir Silwerjare Dienssentrum en Oak Grove Nasorgsentrum vir bejaardes. Die galjoen (*Dichistius capensis*) is 'n gesogte vis onder hengelaars.

“Ons wil graag aan minderbevoorregte gemeenskapslede ook die geleentheid bied om te kan deelneem,” het Riaan gesê. “Daarvoor het ons borge vir hulle inskrywingsfooie nodig om hulle 'n kans op deelname te kan gee.” Die pryse in die verskillende kategorieë wat gewen kan word, is nie te versmaai nie: **vir die spanne is daar 7 kontantpryse, plus 'n geluktrekkingsprys; **vir individuele deelame wag daar 6 kontantpryse, plus 'n geluktrekkingsprys; **vir vang en vrylaat '*catch & release*', is daar 3 kontantpryse.

Die galjoen-seisoen in Suid-Afrika vir die vang van galjoene, is jaarliks vanaf 1 Maart tot 14 Oktober. Die maksimum is twee galjoene per dag, met 'n minimum grootte 35cm. RSA Wetgewing en Ordonansies is van toepassing op hierdie kompetisie en 'n amptelike inskrywingsvorm moet voltooi word. Vir volledige inligting, soos inskrywingsvorms, kategorieë, vereistes, inskrywingsfooie en pryse wat gewen kan word, besoek gerus die volgende webtuiste: https://www.ng-kerk-gansbaai.com/postgaljoen-kompetisie-2025. Vir navrae kan Riaan Booysen by 074 203 6658 geskakel word, of stuur 'n epos aan hom by riaanbooysen@webmail.co.za.

**Hardus Botha**



**Baie geluk aan Isabelle de Villiers (o/9) wat op Saterdag, 19 Julie 2025 aan die Cape Winelands Open Skaaktoernooi deelgeneem het. Hierdie kranige skaakspeler het in die o/10-afdeling meegeding en nogtans 'n uitstekende 7de plek algeheel behaal. Isabelle het ook 'n 2de plek onder die dogters in die o/10-groep verower - 'n puik skaakprestasie vir 'n o/9 skaakspeler. “Ons is trots op jou harde werk en deursettingsvermoë, Isabelle, hou so aan,” is Laerskool Gansbaai se opmerking.**

**Hardus Botha**

